

1 April

Skrifgedeelte: Efesiërs 5:8-14; Matteus 5:13-16; Johannes 8:12

Fokusgedeelte: Efesiërs 5:8

Lig in die Here

Dit is op die oog af 'n eenaardige uitdrukking: "Julle is nou in die Here lig." Wonderlike dinge het met ons gebeur! Die Vader het ons voor die grondlegging van die wêreld uitverkies om vir Hom afgesonder te word en onberispelik te lewe (Ef 1:3). Deur die bloed van sy Seun is ons verlos (Ef 1:7). Die Heilige Gees het ons as die eiendom van God beseël (Ef 1:13). Ons leef in 'n heerlike gemeenskap van gelowiges waar ons opgebou word (Ef 4:1-16). Ons is onderrig volgens die waarheid en het Christus leer ken. Ons het een met Christus geword (Ef 2:13).

Dit alles beteken dat ons op geen manier meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie. Jy, afgesonder vir die Here, moet jou voortdurend afvra of iets vir die Here aanneemlik is. Ons is nou in die Here lig.

Sing: Psalm 89:6

Ds. APC Duvenage (Emeritus)